

29 November

Skrifgedeelte: Romeine 10:9-17

Fokusgedeelte: Romeine 10:17

Die oorsprong van die geloof

Worstel jy met een of ander krisis in jou lewe? Miskien is jy ernstig siek of moontlik het jy 'n groot finansiële probleem of dalk het jy 'n fout gemaak wat jy nie kan regmaak nie. Indien dit so is, het die Woord van die Here vir jou 'n boodskap. Die Here sê in vers 11: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."

Kom plaas jou probleem in die hand van die Here en vertrou op Hom. Vir Hom is niks onmoontlik nie. Hy het immers gesê: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matt. 28:17).

Miskien sê jy: My geloof is so klein en so swak. Ek het al verskeie kere probeer glo, maar elke keer struikel ek weer en weer. Die een oomblik is ek so vol sekerheid dat die Here sal help, maar die volgende oomblik sink ek in twyfel en wanhoop weg.

Hier het die Woord van die Here ook vir jou 'n antwoord. In vers 17 lees ons: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus." Indien jy gereeld die eredienste bywoon, sal jou geloof elke keer versterk word. Waar die Woord van die Here verkondig word, daar werk en versterk die Heilige Gees die geloof in ons harte.

Dit is die geloof wat ons laat vasstaan en sekerheid bring. Gebruik hierdie geloof en jy sal in elke omstandigheid staande bly. Voed jou geloof deur gereeld die Woord te bestudeer en gereeld die kerk te besoek, dan sal jou geloof groei en sal jy deur die geloof in alle omstandighede staande bly.

Sing: Psalm 33:5 (Totius)

Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)